Ges. 109: 1, 3.
Ges. 112: 1, 5, 6.
(Doop: Ps. 128: 3).
Ges. 107: 4, 6. (Ps. 66).

## In die Veld van Efratha
Luk. 2: 8 - 14

Potch 22 Des '57
a Kp 15 Des. 60

Teks: Lukas 2: 8, 9.

Hoe nader 'n mens aan Kersfees kom: hoe sterker word die begeerte om stil te word, om die nimmer-eindigende wonder van die Koms van Kt. Jesus in jou hart te oordink. Dis byna asof dit te heilig is om oor al d. dinge te praat. Daar is dit nodig om tyd af te sonder om diep en innig oor al h.d. gebeure van byna 2000 jr. gelede na te dink.

Maar odak. mag mens nie stilbly nie - mag ons wat iets v. d. vreugde v Kt. se Koms reeds beleef het, nie swyg nie, want God self het nie geswyg nie! Met die Koms van sy Seun het Hy dit bekendgemaak op so 'n besondere manier dat ons opnuut elke jaar in verbasing daarvoor staan!

Ons wil dan van h.d. Verskyning uit d. hoogte beskou vanuit die volgende gesigs-punte:

I Die Bekendmaking van Gods Verskyning i.d. Vlees
II Die Bewys " " " " "
III Die Bewaarnagtes " " " " "

I Die Bekendmaking: In alle opsigte so anders, so totaal anders as die aankondiging v.d. geboorte van 'n Koningskind!

a) Vanuit d. hemele: Vanuit d. hemele seu d. aankondiging kom - ~~Reeds~~ vanuit d. hoogte die Opgaande lig d. wêreld begroet! In h.d. nag breek God d. hemele oop en kom 'n engel, 'n hemelboodskapper, as Godsgesant d. aankondiging doen: ~~So~~ bewys dat so iets nie uit menseharte gebore kan word nie! Nie vanuit d. aarde!

b) **Die godd. heerlikheid**: „En die heerlikheid v.d. Here het rondom hulle geskyn". Geen menstaal kan beskryf hoe d. heerlikheid daaruit gesien het nie, — geen mensehand kan dit skilder nie, geen menseverstand kan dit omvat nie: 'n gesig so grootS, so glansend, so glorieryk dat hulle wat d. aanskouers was van hd. godd. heerlikheid in angs en ontsetting op hulle aangesigte neergeval! Kon ook nie anders: word hier dan nie bekendgemaak: **God het mens geword — d. Verlosser v.d. wêreld is gebore!**

c) **Onverwags**: „Meteens" — sonder waarskuwing, sonder voorbereiding breek d. hemel oop & omstraal die godd. lig d. wakende herders & d. slapende kuddes. Waarom dan so? — Dit was altyd so: as God verskyn is dit altyd onverwags, onverwags! Want Gods verskyning a.d. mens, geliefdes, is iets so eiesoortig, so verhewe bo hd. aardse dinge, dat dit nooit langs d. gewone, alledaagse weg kan geskied nie! Want dan sou ons so gewoond raak daaraan en dit as so vanselfsprekend beskou, dat ons God tot ons vlak v. lewe wil verlaag — ja dat God ons maat sou word!

II **Die Boodskap**: „**En dit is vir julle die teken: julle sal 'n Kindjie vind wat in doeke toegedraai is en wat in die krip lê**". Watter geweldige kontras word deur hd. woorde geskep! Byna onmoontlik om te glo dat daar enige verband is tussen dié twee kringe:

{ In die velde van Efratha — heerlikheid & luister:
{ In d. stal v Bethlehem — armoede & eenvoud!

{ In d. velde v Efratha — jubeling & lofsang
{ In d. stal v Bethlehem — stilte & stemmigheid

{ In d. velde v Efratha — hemelse heirskares wat Xtus se koms besing
{ In d. stal v Bethlehem — geen mensemens wat sy koms begroet

En tog: op albei plekke is die middelpunt — 'n Koningskind! Dit is asof God aan d. herders kom sê: ek bring julle d. boodskap — so ongelooflik dat 'n mens daaroor kan lag: die boodskap dat God verskyn het sal julle vind in — 'n hulpelose Kind! En wie dit nie glo, sal nooit glo! Wie nie so diep kan afdaal en so kinderlik Gods boodskap wil erken & aanneem nie, sal nooit na Hom kan kom nie!

III **Die Bevoorregtes v.d. Godsverskyning**: „**En daar was herders wat in die oop veld gebly en in d. nag oor hulle skape wag gehou het**" Aan hulle word d. heerlikheid v God bekend gemaak — nie aan konings & edeles, nie aan Fariseërs & Skrifgeleerdes, nie aan vooraanstaandes & vername. ? Aan wie dan?

① **Eenvoudiges van hart**: Mense wat in kinderlike geloof geleef en God op sy woord geneem het; mense wat nie so geleerd was dat hulle nie meer gelowig kon wees: mense wat in d. stil donker ure v.d. nag rondom d. vure nagedink & gesels het oor alles wat God belowe het aan sy volk!

→ Eenvoud van hart as voorwaarde: „**Wat onedel is by die wêreld en wat verag is, het God uitverkies**"

② **Heilbegeriges:** Hoewel dit nie met soveel woorde daar staan nie, het ons d. volste reg om af te lei dat hd. groepie herders deel geneem het v.d. skare van stilles in d. land wat die vertroosting v. Israel te wagte was. Hulle het behoort tot die Sagarias & Elizabeths, d. Simeons & d. Annas wie se harte vol verwagting was v.d. koms v.d. Messias!

→ So is dit nog al d. eeue gewees: dat God Hom/Hs openbaar & bekendmaak aan hulle wat Hom verwag. Wie met verwagting uitsien na Xt. se koms, word ryklik beloon: d. hemel breek oop & God verskyn!

③ **Wakendes:** Dit was nag – tyd om te slaap & te rus. Maar hier waak manne oor hulle kudde: getrou op hulle pos, getrou aan hulle aardse roeping. Tot sulke manne kom God in sy heerlikheid — Want dis Gods reëls toe en nou, vandag nog hier ons: wie getrou bevind word in hulle dagtaak word deur God getrou geag vir 'n hemelse taak!

→ Leraar: herder oor sy ~~kudde~~ gemeente
→ Onderwyser: " " " leerlinge
→ Ouer: " " " kinders
→ Voorman: " " " werkers
→ Bestuurder: " " " kantoorstaf.

Is ons so getrou? Sien ons dit as van O opgelegde taak? Dan breek d. hemel oop!

Amen